

AfriForum TRAUMAEENHEID


# AFRIFORUM-TRAUMAEENHEID: bystand ná plaasaanvalle en -moorde

2019–2023

## PLAASAANVAL: BROWN-GESIN – NELSPRUIT (3 November 2019)

Henry Brown (77), sy vrou Martie (74) en hul seun Tommy (53) is in die vroeë oggendure van Sondag 3 November met 'n byl en panga in die plaashuis op die Uitkykpad naby Mabalêl aangerand. Henry is met 'n byl en panga in die gesig en oor die kop geslaan en 'n deel van sy skedelbeen moes verwyder word om die swelling te verminder. Hy moes ook noodgedwonge 'n bloedoortapping ondergaan. Tommy was betrokke in 'n stoeiery met een van die verdagtes en is in die been geskiet. Hy is geopereer en ontslaan. Henry is vir tien dae in die privaat Kiaat Hospitaal behandel en is op 13 November ontslaan omdat hulle nie 'n mediese fonds gehad het nie en nie meer die mediese onkostes kon bekostig nie. Die rekening by Kiaat Hospitaal beloop R180 000.

Die Brown-gesin het die AfriForum-traumaeenheid genader vir hulp met die bostaande rekening. Ons wil graag R20 000 uit die slagofferondersteuningsfonds bydra om die gesin by te staan met die groot uitstaande rekening om die las bietjie te verminder.






***Henry Brown is ongelukkig op 24 Desember 2019 aan sy beserings oorlede.***

# PLAASMOORD:
# DR. JESSE COLEMAN – DELMAS
## (26 September 2022)

Dr. Jesse Coleman is op die oggend van 26 September 2022 op sy plaas oorval deur verskeie verdagtes. Hulle het toegang tot die huis verkry deur die agterdeur oop te breek.

Daar was 'n struweling en hy is vasgebind – sy liggaam is later met verskeie wonde gevind waar hy in die huis in 'n plas bloed gelê het. Crime Scene Clean-up het die toneel professioneel gaan skoonmaak.

'n Versoek vir berading is ontvang van dr. Coleman se twee volwasse kinders, Allison en Matthew.

Ons het dr. Coleman se dogter, Allison, by haar woning in Benoni besoek waartydens ontlonting met haar en haar man gedoen is. Daar was ook 'n opvolgkonsultasie en verdere telefoniese opvolge is gedoen ter ondersteuning.

Ons het dr. Coleman se seun, Matthew, ongeveer 'n week ná die plaasmoord op sy pa besoek. Tydens hierdie besoek is ontlonting gedoen, die toneel en woning waar sy pa se moord plaasgevind het besoek, en daarna is dr. Coleman se graf ook besoek op die plaas waar hy begrawe is. Dit is gedoen op versoek van Matthew en dit het vir hom baie beteken dat ons bereid was om die hele proses met hom deur te werk, want dit kon die proses vir hom effens makliker maak. Ter ondersteuning is verdere telefoniese opvolge gedoen.

Die AfriForum-traumaeeheid maak gebruik van Crime Scene Clean-up om die tonele skoon te maak om te verhoed dat familielede of bure die toneel skoonmaak en sodoende sekondêre trauma beleef.



***Wyle dr. Jesse Coleman was 73 ten tyde van die plaasmoord.***







***Gate as gevolg van skote deur die agterdeur***






# PLAASMOORD: HENNIE VAN DER WALT – DELMAS

## (17 November 2022)

Crime Scene Clean-up het die plaasmoordtoneel gaan skoonmaak nadat ons 'n oproep van AfriForum se Delmas-buurtwag ontvang het rakende die plaasmoord.

Daar was uiteraard baie bloed op die toneel en spesiale chemikalieë is nodig om so 'n toneel skoon te maak. Dit is ook baie traumaties as bure, buurtwaglede self, of die gesin self die toneel moet skoonmaak.

Hennie van der Walt (80) wat tydens die aanval vermoor is, het sy vrou, Hester Smal (79) agtergelaat. Sy is ook tydens die aanval aangerand. Sy ly aan Alzheimers en kan baie min of niks van die aanval onthou nie.





*Hennie van der Walt (80)*













# PLAASAANVAL: LORRAINE EN MIKE PRINSLOO – ELANDSDOORN

## (23 Desember 2022)




Lorraine en Mike Prinsloo is op 23 Desember 2023 op die plaas Blombos (Elandsdoorn-omgewing, Denniltonpad) aangeval. Lorraine (56) is gewelddadig aangerand en oor die kop en hande met 'n panga gekap. Sy het teruggeveg en die booswig het weggekom met 'n paar rand, 'n selfoon, toeknypbroodrooster en 'n TV-afstandbeheerder.

Die aanvaller het met 'n kettie en klippe op die groot hond geskiet totdat die hond padgegee het, en het toe by die perseel ingegaan. Op die videomateriaal kan gesien word hoe hy om die huis rondsluip met 'n saag in die hand. Hy het ook 'n balaklawa en handskoene gedra.

Dit is op hierdie tydstip dat die alarm afgegaan het en Lorraine se man, Michael, na sy seun se huis gejaag het om te gaan kyk wat aangaan, aangesien hulle van vakansie op pad was huis toe.

Alles dui daarop dat die rower gesien het Michael kom aangejaag, waarop hy sy kans waargeneem het en opgehardloop het na hulle huis, waar hy vir Lorraine oorval en met 'n panga gekap het. Tydens die aanval het sy met hom gestoei en hom ook na hul kamer geneem, omdat hy aangedring het op kontant en skoene.

In die kamer het sy vir hom haar man se tekkies en haar beursie gegee, maar die tekkies is summier by die venster uitgegooi.



Hy wou haar terugsleep na die voorste gedeelte van die huis, maar sy het hom by hul kamerdeur uitgestamp en haarself toegesluit, vanwaar sy die tweerigtingradio gebruik het om haar man te kontak en om hulp te vra.

Die AfriForum-traumaeenheid staan hierdie slagoffers by sedert direk ná die aanval en stap steeds die pad met hulle. Ons besoek hulle gereeld en is gedurig telefonies met hulle in verbinding om hulle te help om hierdie trauma en angs te probeer verwerk. Ons staan hulle by solank dit nodig mag wees, doen hofvoorbereiding en gaan dan ook saam met hulle hof toe.

Die trauma ná so 'n insident is baie intens. Hofverrigtinge is vir slagoffers geweldig intimiderend, omdat dit vir die meeste van hulle die eerste keer is wat hulle die binnekant van 'n hof sien. Ons gaan saam met hulle hof toe, bied ondersteuning en bemagtig hulle en sodoende verseker ons dat daar nie sekondêre trauma veroorsaak word nie.






*Lorraine Prinsloo*

*Die aanvaller het ook 'n saag gehad en die hond met 'n kettie geskiet.*





*Van die gesteelde artikels en inbreektoerusting wat by die verdagte gekry is.*



*Die plek waar die booswig die heining geknip het. Hy het hier deurgeklim en toegang verkry tot die plaas waar hy eers ingegaan het by die Prinsloos se seun se huis.*

# PLAASMOORD: THYS VAN NIEKERK – CRADOCK


## (30 Augustus 2023)

Thys van Niekerk (65) is op Woensdag 30 Augustus 2023 met steekwonde dood in 'n plas bloed aangetref op 'n plaas buite Cradock.


Crime Scene Clean-up het die toneel gaan skoonmaak deur van spesiale chemikalieë gebruik te maak. Familie, vriende en bure is sodoende die sekondêre trauma gespaar aangesien dit baie traumaties is om so 'n toneel op te ruim.

Van Niekerk se kar is later verlate gevind in Conwayweg, Hofmeyr. Hy was 'n ingenieur wat vir die duur van die padbouprojek waaraan hy gewerk het, die plaashuis gehuur het.





Thys van Niekerk











# PLAASAANVAL: GERT EN CELIA SCHEEPERS – DUBE, BRITS

## (1 Maart 2023)







Crime Scene Clean-up het uitgegaan na 'n plaasaanvaltoneel om die toneel te gaan skoonmaak nadat Gert en sy vrou, Celia Scheepers oorrompel en erg aangerand is op hulle plaas, Dube, naby Brits.

Gert (67) en Celia (64) het buite op hulle veranda gesit toe hulle deur twee verdagtes aangeval is. Gert het erge kopbeserings opgedoen en Celia het slegs sagteweefselbeserings opgedoen. Die AfriForum-traumaeenheid het die oggend van 1 Maart 'n oproep ontvang om ondersteuning te gaan bied asook om te reël om die toneel te gaan skoonmaak.

Lede van die traumaeenheid het die toneel besoek, waartydens 'n totaal van nege persone geïdentifiseer is wat 'n behoefte aan berading gehad het – hierdie het personeel en familielede van die slagoffers ingesluit.

Personeel wat eerste op die toneel was, is bygestaan tydens die afneem van hul verklarings deur die SAPD, en ook tydens uitwysing en besoek van die toneel saam met die speurders.

'n Groepsontlonting is met personeel gehou en individuele opvolgkontaksessies is gedoen.

Die familielede wat op die perseel van die aanval woonagtig was, is ook ontlont en opvolgkontaksessies is gedoen.

Gert is steeds in 'n koma en sy vrou besoek hom daagliks in die sentrum waar hy behandel word. Sy word emosioneel ondersteun en ontvang traumaberading by die sentrum.

# PLAASMOORD: JOOP EN CARLA VAN REEUWYK – MOOINOOI

## (8 Augustus 2022)

Die Van Reeuwyks is op 8 Augustus 2022 op hulle blommeplaas op Mooinooi aangeval en erg aangerand.

Hulle is met ysterstawe oor hulle koppe geslaan en Joop (87) asook Carla (85) is na die Netcare Milpark-hospitaal vervoer waar hulle behandeling ontvang het.

Daar was 'n versoek dat die AfriForum-traumaeenheid hul dogter, Astrid Poort bystaan en dat haar twee dogters, Natalie en Angelique ook bystand benodig. Astrid se jonger suster woon in Durban en ons het telefonies met haar gesels. Hulle broer, wat die saak onder Ian Cameron se aandag gebring en gevra het vir traumaberading, wou self nooit bystand gehad het nie.

Dus het Magda Coetzee, een van die AfriForum-traumaeenheid se beraders, die pad met Astrid Poort en haar dogters begin stap. Astrid se pa en ma was só erg aangerand dat hulle albei niemand herken het gedurende die tydperk in die hospitaal nie. Oom Joop is ongelukkig in Oktober 2022 in die hospitaal oorlede.

Astrid laat weet dat hulle alternatiewe versorging vir haar moeder moet kry en dat hulle vir haar by Lynnwood Care plek gekry het, waar sy versorg kan word. Sy moet elke dag fisioterapie kry asook suurstof. Hulle versorg haar baie mooi. Die dokter het laat weet dat sy kanker in haar blaas het. Sy kan nie geopereer word nie as gevolg van die feit dat sy tans te swak is.

Ten spyte van die feit dat die dokters gesê het tannie Carla se linkerkant van haar brein is tydens die plaasaanval beskadig en dat sy sekere funksies verloor het, is sy uit die koma. Sy praat weer, maar het steeds voltydse versorging nodig.

Hulle het ongelooflike finansiële uitdagings en probeer bydra waar en soos hulle moontlik kan. Astrid het weer die blommeplaas oorgeneem, juis met die doel om voorsiening te probeer maak vir al die uitgawes.



*Joop en Carla van Reeuwyk*



*Carla in die hospitaal*

Die familie het ons egter genader met die nodige bewyse van hoeveel hulle maandelikse uitgawes tans beloop en dat hulle regtig sukkel om alles by te bring.

Die AfriForum-traumaeenheid se slagofferondersteuningsfonds, wat gestig is om slagoffers met hierdie tipe uitgawes te help, is aangewend om R50 000 aan die Van Reeuwyks te kon betaal om sodoende die las van die hospitaalrekening te help verlig.

Ons verskaf steeds bystand aan familielede waar nodig om hulle te help om hierdie trauma te verwerk, sodat hulle weer normaal kan funksioneer ná hierdie tragiese insident.

Die familie het ook met AfriForum se hulp hulle verhaal vertel om sodoende bewustheid te skep dat plaasmoorde en plaasaanvalle gebeur en dat mense paraat moet wees.

# WIE IS DIE AFRIFORUM-TRAUMAEENHEID?

## 1. Inleiding

Die AfriForum-traumaeenheid is in 2015 gestig en het sy ontstaan te danke aan die behoefte om slagoffers van plaasaanvalle en -moorde te ondersteun.

Die behoefte aan bystand het ontstaan by slagoffers wat erge trauma ervaar het ná traumatiese gebeure soos plaasaanvalle en ander geweldsmisdaad. Die afdeling het mettertyd uitgebrei om ook ondersteuning te verleen aan slagoffers tydens die polisie se regsprosesse en hofsittings.

Die traumaeenheid bied die volgende dienste aan slagoffers van plaasmoorde/plaasaanvalle en geweldsmisdade:

a. **Berading:** Opgeleide traumaberaders van die eenheid maak gebruik van beradingstegnieke om persone te help om die emosionele en psigiese wonde wat die traumatiese insident veroorsaak, te genees en weer normaal te kan funksioneer.

b. **Ontlonting:** Ontlonting is 'n gestruktureerde proses wat met 'n individu of groep gevolg word. Die doel van ontlonting is om normaliteit by die groep of individu te bring deur aandag te gee aan die vrees, angs, onsekerheid en emosies wat die traumatiese insident by die individu of groep meegebring het. Om verskeie redes vind ontlonting nie voor 72 uur ná die insident/gebeure plaas nie.

c. **Emosionele ondersteuning:** Emosionele ondersteuning behels die omgee, versorging, bemoediging, herbevestiging, aktiewe luister, empatie, bystand en ondersteuning van die persoon/slagoffer wat deur 'n traumatiese insident en die nagevolge daarvan gaan. Dit geskied deur kontakbesoeke en waar dit nie moontlik is nie, telefonies of deur ander digitale media soos Zoom en Teams.

Die emosionele ondersteuning deur die traumaeenheid behels die volgende:

- **Op die toneel:** Opgeleide traumavrywilligers (90) bied op die toneel van die insident/misdaad ondersteuning aan die slagoffer en sy/haar familie. Die vrywilligers word deur die buurtwagte geaktiveer en werk baie nou met hulle saam.
- **Emosionele bystand** tydens **polisie- en wetlike prosesse,** bv. aanmelding van sake (insluitend seksuele molestering, verkragting en gesinsgeweld).
- **Emosionele bystand in die hof:** woon die hofverrigtinge saam met die slagoffer by.
- Ondersteun slagoffers **tydens hospitalisasie**.
- Ondersteun slagoffers telefonies indien hulle nie kontakbesoeke versoek nie.
- Ondersteun slagoffers via Teams/Zoom.


d. **Bemagtiging:** Bemagtiging behels die voorsiening van inligting, kennis en vaardighede aan die slagoffer om binne die omstandighede korrek en toepaslik te kan optree en die nodige wetlike prosesse te volg.

Dit sluit kennis, inligting en vaardighede rondom die volgende sake in:

- Aflê van 'n verklaring (beraders skryf nie verklarings namens slagoffers nie)
- Ondersoekprosesse
- Hofprosesse
- Wetlike voorskrifte en prosesse t.o.v. kindermolestering, verkragting, gesinsgeweld
- Hofvoorbereiding
- Verwysing na gespesialiseerde dienste en organisasies (indien nodig), byvoorbeeld sielkundiges, psigiaters, maatskaplike werkers

e. **Materiële bystand:** Die AfriForum-traumaeenheid het 'n slagofferondersteuningsfonds wat deur donasies in stand gehou word. Die slagofferfonds stel ons in staat om slagoffers finansieel te kan bystaan in gevalle waar hulle dit nie kan bekostig nie, of waar ons weet die finansiële uitgawes vir hulle verdere trauma kan inhou. Die fonds ondersteun slagoffers deur:

- skoonmaak van die toneel;
- aankoop van nuwe beddegoed;
- aankoop van kruideniersware;
- hulp met die opskerp van sekuriteit deur alarmstelsels te installeer; en
- hulp met betaling van operasies, medikasie of hospitaalonkostes waar slagoffers dit nie kan bybring nie.




Die AfriForum-traumaeenheid se slagofferondersteuningsfonds:

Hierdie fonds word aangewend om slagoffers van dié gruwelmisdaad te ondersteun met onder andere die skoonmaak van plaasaanvaltonele, materiële ondersteuning, bystand met mediese onkostes, traumaberading aan slagoffers sowel as hulle geliefdes, asook advies deur kundiges rakende ondersoek- en hofprosedures.

Indien jy 'n donasie aan AfriForum se slagofferfonds wil maak, gebruik asb. die onderstaande bankbesonderhede met verwysing "Slagofferfonds".

Begunstigde: AfriForum NPC
Bank: FNB
Rekeningnommer: 623 498 983 98
Tak: Centurion
Takkode: 261550
Verwysing: Slagofferfonds

# DIE PERSONEELLEDE VAN DIE AFRIFORUM-TRAUMAEENHEID:



*Hennie Human, Magda Coetzee, Izel Kruger en Johan Kloppers*

**Kontakbesonderhede van die AfriForum-traumaeenheid:**

| | |
|---|---|
| **E-posadres:** | **trauma@afriforum.co.za** |
| **Noodnommer:** | **064 870 8312** |
| **Kantoornommer:** | **012 880 1954** |

# DEFINISIES:

## GEWELDSMISDAAD:

**Vir die doeleindes van die fonds word geweldsmisdaad gedefinieer as die onregmatige gebruik van mag, die uitoefening van fisiese krag wat tot beserings of verwoesting lei, wat aangemeld is by die Suid-Afrikaanse Polisiediens, en waarvoor 'n saaknommer verskaf is.**

**Insidente van geweldsmisdaad:**
Plaasaanvalle
Plaasmoorde
Kaping
Huisroof
Aanranding
Moord
Verkragting

**Traumadienste:**
Die dienste van die traumaeenheid kan gedefinieer word binne die raamwerk van berading, ontlonting, emosionele ondersteuning, bemagtiging en materiële ondersteuning.

**Kriteria vir ondersteuning**
Enige persoon wat vir hulp uit die fonds kwalifiseer moet aan die volgende kriteria voldoen:

- 'n Persoon was aan geweldsmisdaad blootgestel.
- Die slagoffer het emosionele en fisiese beserings opgedoen.
- Die saak is aangemeld by die Suid-Afrikaanse Polisiediens.
- 'n Saaknommer is verkry by die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

**Materiële ondersteuning:** Dit sluit onder meer voedselvoorraad, nuwe beddegoed, skoonmaak van misdaadtonele en ander dergelike uitgawes in.

**Mediese onkostes:** Word oorweeg op meriete met inagneming van, onder andere, die beskikbaarheid van fondse.

**Verwysing na professionele dienste:** Die eenheid betaal drie (3) sessies uit die slagofferondersteuningsfonds indien die slagoffers verwys word na professionele persone soos hierbo genoem.

**Die doel van die lewering van hierdie traumadienste is om die traumatiese impak en skok van die misdaad op die slagoffer(s) te verlig, asook om sekondêre viktimisering te voorkom.**

**Lede van die eenheid reis na die slagoffers en hulle families en maak seker dat die slagoffers ondersteuning ontvang in 'n veilige en beskermde omgewing.**

# BESTEDING UIT DIE SLAGOFFER-ONDERSTEUNINGSFONDS 2019–2023

| Kostes aangegaan vir slagoffers van plaasmoorde en plaasaanvalle 2019–2023 | |
|---|---|
| Medies | R141 188,75 |
| Sekuriteit | R28 537,67 |
| Konsultant | R12 015,00 |
| Begrafnisse | R15 500,00 |
| Skoonmaak van tonele | R44 494,40 |
| **TOTAAL:** | **R241 735,82** |

